basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

LEWENSORIËNTERING

MODELVRAESTEL 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 75

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1	1.1.1	D √		
	1.1.2	A √		
	1.1.3	A √		
	1.1.4	A √		
	1.1.5	C √		
	1.1.6	A √		
	1.1.7	D √		
	1.1.8	B √		
	1.1.9	A √		
	1.1.10	B √	(10 x 1)	(10)

1.2 EEN punt (√) vir Waar of Onwaar en EEN punt (√) vir die rede wanneer Onwaar.

1.2.1 Waar √ (1)

1.2.2 Onwaar – 'n Werkskontrak is bindend volgens die wet. √ (2)

1.2.3 Onwaar - Dit is ook die plig van ouers/beskermhere/oppassers/ skole om minderjarigers teen die gevare wat moderne kommunikasie inhou te beskerm.√ (2)

1.3	1.3.1	C √		
	1.3.2	G √		
	1.3.3	E √		
	1.3.4	B √		
	1.3.5	A √	(5 x 1)	(5)

1.4	1.4.1	Dienskontrak/werkskontrak √		
	1.4.2	Volunteering/volunteerism/Vrywilligerswerk√		
	1.4.3	Statutere√		
	1.4.4	Lewenstyl√		
	1.4.5	KVBA (Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasiel/ Arbeidshof/ Arbeidsappèlhof/Bedingingsraad √	(5 x 1)	(5)

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B (VERPLIGTEND)

In hierdie afdeling, moet leerders hul antwoorde in volsinne skryf.
Daarom, moet leerders binne die vraag van 3 of 4 punte, 'n 4,3, 2, 1 of 'n 0 gegee word, afhangende van die vlak van die antwoord wat gegee is. Daar moet daarop gelet word, dat binne elke kategorie van die kandidate se antwoord, 'n onderskeid gemaak moet word tussen uitstekende, goeie, bevredigende en swak antwoord. Byvoorbeeld in Vraag 5.1. moet die kandidaat se antwoord die impak op die skool verduidelik en hoe dit verband hou met die fisiese gesondheid kwessie.

VRAAG 2

2.1 Enige TWEE relevante antwoorde: (EEN punt per reaksie)
Verminder konflik/spanning/stres van beide die leerders en onderwysers.

- Verbeter verhoudings/algemene atmosfeer en die gesondheid van beide die leerders en onderwysers.
- Leerders se fisiese welstand sal verbeter - daarom sal hulle aktief raak en deel neem in die klas.
- Leerders se geestelike welstand sal verbeter - sal bydra tot paraatheid in die klaskamer, die verbetering van konsentrasie vlakke, ens.
- Algemene gesondheid verbetering in die geheel dit sal talle vorme van siektes voorkom.
- Dit sal afwesigheid by die skool verminder. Leerders sal entoesiastiese en toegewyd deelneem aan fisiese aktiwiteite - sal dus meer gereeld by die skool wees.
- Leerders se produktiwiteit sal verbeter, want hulle is meer waaksaam en energiek wees.
- Enige twee gepaste antwoorde (√√) (2)

2.2 Enige TWEE gepaste antwoorde. (TWEE punte per reaksie.)

- Opnames/peilings kan gedoen word om te bepaal watter aktiwiteite leerders sou verkies.
- Vraelyste of voorstel bokse kan uitgedeel word om terugvoer oor aktiwiteite te kry.
- Motiveringsprekers kan georganiseer word om leerders te inspireer en aan te moedig.
- Ondersteuning groepe kan begin word wat voorsiening sal maak vir hul spesifieke behoeftes, sodat hulle ingesluit kan word in die gesondheid-program.
- Skole kan interklas, intergrade, interskole-kompetisies hou.Trofee, sertifikate ens kan gebruik word as aansporing vir deelname.
- Staptogte, uitstappies na wedstryde kon georganiseerd word om 'n belangstelling in verskillende sportaktiwiteite te genereer.
- Sport persoonlikhede kan genooi word na die skool om leerders te motiveer om deel te neem aan aktiwiteite.
- Klubs kan gevorm word en hulle kan geaffilieer word by die gemeenskap klubs - dit sal 'n groter leerder betrokkenheid skep.
- Die skool kan 'n vergrote begroting vir sport toerusting kry - want meer toerusting sal 'n groter verskeidenheid van aktiwiteite tot gevolg he en dus meer betrokkenheid.
- Die skool kan aktiwiteite soos pretlope, familie sportdae, dirigente of rasie leiers, trompoppies, pretlope, 6-kant sokker, gemengde span sokker reel.

Enige TWEE gepaste menings. (√√√√) (2 x 2) (4)

2.3 Fisiese en geestelike gesondheidsprogram kan op die volgende maniere gemonitor word:

- Monitor die gebruik van die fiksheid logboek.
- Maak seker dat leerders betrokke is by gereelde BMI-toetse.
- Monitor bywoning en deelname in Liggaamlike opvoeding aktiwiteite
- Deur middel van gereelde terugvoer - vraelyste, voorstelle bokse, een-tot-een onderhoude, groep verslae.
- Deur waarneming indien daar 'n positiewe verandering in die gesindheid van die leerders se gedrag en gesondheid voorkom.
- Deur gesprekke met VRL-lede. Terugvoer van leerders in elke klas oor die program en wat die behoeftes en verwagtinge is.
- By die evaluering van leerder se prestasie - die vergelyking van die resultate in die verskillende assesseringstake.
- leerders toelaat om voorstelle vir die verbetering van die program te verskaf.
- deur monitering en waarneming of daar 'n groter betrokkenheid in die groepsaktiwiteite is.
- Deur waarneming of leerders gretig is om deel te neem in die verskillende sport aktiwiteite by die skool, sowel as op ander vlakke, bv: interskole, streeks-, provinsiale, nasionale vlak, ens.

Enige twee geskikte/gepaste antwoorde (√ √ √ √) (2 x 2) (4)

[10]

VRAAG 3

3.1 EEN punt per reaksie

- Vir geld en status - materiële rykdom, om goed aan te trek, om te wys dat hulle beter as ander meisies is, selfone, kos en ander materiële dinge.
- Vir die mag om in beheer te wees.
- Armoede - gebrek aan basiese noodsaaklikhede by die huis.
- Werkloosheid by die huis.
- Sommige ouers dwing kinders in sulke verhoudings as gevolg van die finansiële probleme
- Ondersteuning van die "Suiker Pappies"

Enige twee geskikte antwoorde (√ √) (2 x 1) (2)

3.2 Enige TWEE gepaste verduidelikings: (twee punte per verduidlikings)

- Die neem of gebruik van dwelms/alkohol - minderjarige drinkery is teen die wet.
- Neem deel aan onverantwoordelike seksuele gedrag - teen alle godsdienstige beginsels en waardes en oortuigings van die gemeenskap.
- Seks vir geld - waardes te materialistiese en gebaseer slegs op gierigheid. Ook teen alle godsdienstige beginsels en waardes en oortuigings van die gemeenskap.
- Onbeskermde seks-skade aan hulself en ander, want 'n mens kan MIV/vigs en ander siektes opdoen.
- Seksuele verhouding met 'n minderjarige is teen die wet. (2 x 2) (4)

3.3 Enige TWEE van die volgende voorbeelde: twee punte (√ √) per antwoord

- Soek Help

- Hulle kan met beraders, maatskaplike werkers, Lewensoriëntering-onderwysers, praat.
-Eweknie-beraders, priester, vriende vir advies vra.

- Konfronteer hulle situasie:

- Erken dat hulle hul situasie kan verander, begin in hulself te glo, glo dat hulle onafhanklik kan raak sonder om op die "Sugar daddies" vir geld te vetrou.

- Ontleed finansiële situasie:

- Doen aansoek vir maatskaplike toelaes, soek hulp by NRO's en GBO's en plaaslike godsdienstige organisasies.

- Die aanvaarding van die self:

- Respekteer hulle self , om hulle liggame te respekteer, vermy om rond te slaap en wees minder materialistiese.

- Doel gefokus:

- Besef dat hulle 'n ander lewenstyl kan he, glo in hulself,raak loopbaan gefokus , kry 'n deeltydse werk.

- Soek Help

Ontwikkel 'n goeie waardestelsel:
- Neem 'n positiewe lewenstyl aan, wees in goeie geselskap. (2 x 2) (4)

[10]

VRAAG 4

4.1 Eerlikheid/Oneerlikheid/Gebrek aan eerlikheid(√)
Enige TWEE relevante redes. (EEN punt per rede.)

- Dan was oneerlik in sy CV deur aan te dui dat hy 'n Meesters graad besit.(√)
- Hy het voortgegaan om die universiteit te mislei deur toekennings en promosies te aanvaar wetende dat hy nie die nodige kwalifikasies het nie (√) (3)

4.2 Die registrateur kon:
(√) een punt vir die aksie wat die registrateur geneem het—moet toepaslik wees.
Bv. Afgedank,geskors,toepassing van reels,hou van 'n dissipliner verhoor,aanklag of boete teen hom ens.(√√) Twee punte vir die verduideliking van watter handeling gebruik is—Leerders moet aandui dat dit bedrog is en 'n kriminele oortreding (3)

4.3 Enige EEN van die volgende: (TWEE punte per rede.)

- Hy kon sy Meesters graad voltooi.
- Hy kon 'n werk soek wat by sy ondervindeing en kwalifikasie pas.
- Hy kon sy eie onderneming begin.
- Hy kon by die universiteit pleit vir 'n laer posisie wat ooreenstem met sy kwalifikasies.
- Hy kon by die universiteit pleit vir erkenning vir sy ondervinding en om alles wat hy al gedoen het te erken en hom daarvoor te krediteer.Erkenning van vorige studie

Enige EEN gepaste antwoord (√√) (2)

4.4 Enige EEN gepaste rede (Twee punte vir die rede)

- As jou uitgevang word kan jy vir bedrog aangekla word.
- Jy kan iemand met die nodige kwalifikasies die pos ontneem.
- Jy kan 'n goeie geleentheid mis as gevolg van oneerlikheid.

Enige goeie rede met substansie vir twee punte. (√√) (2)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

Leerders moet enige TWEE(2) vrae in die afdeling beantwoord. Indien al drie die vrae beantwoord word sal slegs die **EERSTE TWEE** gemerk word. Die oorblywende vraag moet deurgehaal word en die volgende afkorting moet geskryf word. 'EQ'/OV (oorskry aantal van vrae wat vereis word).

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN REAKSIES MET AANDUIDING VAN DIE TOEPASSING VAN KENNIS EN VAARDIGHEDE.

Hierdie is 'n assesserings rubriek wat gebruik kan word waar daar van leerders verwag word om hul reaksies deur middel van kennis, vaardighede en waardes te identifiseer en probleem oplossing, bepaling van gevolge en om besluite te maak. Hierdie rubriek moet saam met die voorgestelde reaksies in VRAAG 5 tot 7 gebruik word.

ASSESSERINGS INSTRUMENT VIR DIE MERK VAN OPSTEL

VLAK	Beperk 0–3 (0–30%)	Voldoende 3–5 (30–50%)	Vaardig 5–7 (50–70%)	Verdienstelik 7–10 (75–100%)
Kriteria 1: **Toon kennis van konsepte, feite, begrip van die inhoud van die onderwerp** **3**	Min of geen kennis van konsepte, feite en begrip van die inhoud van die onderwerp	Bevredigende kennis van konsepte, feite en begrip van die inhoud van die onderwerp	Goeie kennis van konsepte, feite en begrip van die inhoud van die onderwerp	Uitstekende kennis van konsepte, feite en begrip van die inhoud van die onderwerp
Kriteria 2: **Kritiese analise van die inhoud.** **Bied die inligting in 'n koherente logiese volgorde**. 4	Min of geen begrip van die antwoorde op vrae. Gebrek aan logiese volgorde. Min begrip en moeite in die antwoorde.	'n Mate van begrip getoon van die antwoorde. Bevredigende antwoord, maar redeneer nie logies en samehangend.	Analise het n goeie begrip van die antwoord getoon. Metode van analise is goed. Antwoord bevat relevante inligting	Analise toon diepte van insig en logiese redenering. Bewyse van logiese en insiggewende afleidings en gevolgtrekkings uit die data-styl, vorm en taal onberispelike
Kriteria 3: **Toon bewyse van navorsing, statistiese data, vergelykende analise** **3**	Het geen bewyse van verwysings, statistiese data of 'n hoër vlak van kognitiewe denke.	Bevredigende kennis van navorsing, en statistiese data getoon	Goeie kennis, van navorsing, statistiese data en vergelykende analise getoon	Uitstekende kennis, insig getoon van navorsings inligting, statistiese data en vergelykende analise. Toon hoër vlak van kognitiewe denke.

VRAAG 5

EEN punt (√) vir elke vaardigheid en EEN punt (√) vir hoe dit die leerders sal voorberei vir die werksplek. As 'n werker kan 'n persoon die volgende gewoontes aankweek van vaardighede wat op skool geleer is.

- Opsommings,dinkskrum,afneem van notas—vaardighede wat mens kan gebruik wanneer verslae opgestel word,opdragte en take beplan word,--hierdie sal help om take effektief te beheer.
- Tydsbestuur—jy leer om te organiseer sodat alle take betyds voltooi word. Jy hou ook by die voorgeskrewe werksure—Begin en eind tye as ook etensure.
- Opstelling van 'n studierooster. – jy is instaat om dagboek beplannnig te doen sodat persoonlike en werksverpligtinge effektief gedoen kan word.
- Werksgroepe/studiegroepe—help met effektiewe kommunikasie vaardighede, spanbou, eerlikheid, opbou van vertroue, verantwoordelikheid.
- Organiseerings vaardigheid—tydsbestuur,hoe om 'n geballanseerde lewenswyse te handhaaf,beplanning van vaardighede en dissipline.
- Doelsetting-- self dissipline,toekomsbeplanning,assessering van vooruitgang, streef om te presteer.
- Self-dissipline –ontwikkel goeie werksetiek, toewyding, verantwoording, respek.
- Voorleggings vaardigheid—sal 'n proffesionele houding teenoor jou werk verseker, ontwikkel werkstrots,

Enige VYF gepaste vaardighede en gepaartgaande gebruike. (5 x 2) **[10]**

VRAAG 6

Enige EEN voorbeeld hoe mag in familieverband misbruik word.
(TWEE punte)

- Sommige vrouens doen al die huishoudelike take,werk en sien om na die kinders.
- Sommige mans laat nie toe dat hul vrouens werk nie.
- Seuns en dogters/mans en vrouens word nie gelyk behandel nie, veral met studie geleenthede,werksvelde,sport en ontspannings aktiwiteite.
- Gesinsgeweld vind meestal teenoor vrouens en kinders plaas.
- In sommige huishoudings word vrouens nie toegelaat om besluite te neem of om deel van die besluitnemingsproses te wees nie.
- Sommige vrouens is totaal afhanklik van ander vir finansies en word nie die geleentheid gegun om 'n begroting te bestuur of om finansieel onafhanklik te wees nie.
- Die media beeld vrouens dikwels as seksuele voorwerpe uit.
- Vrouens en dogters is dikwels die slagoffers van molestering, verkragting en seksuele geweld binne die familie en gemeenskap.

Enige verwante antwoord(√√) (2)

Enige EEN voorbeeld van hoe mag misbruik word binne werksverband. (TWEE punte)

- Oneweredige verteenwoordiging in bestuurs posisies.
- Vrouens word heelwaarskynlik meer administratiewe pligte of vroue pligte gegee (verversings, koffe maak, skoonmaak, afneem van notules tydens'n vergadering)
- Vrouens is dikwels slagoffers van seksuele teistering, terging,bespotting ens.
- Vrouens in hoe posisies word nie so ernsig soos mans opgeneem nie.
- Vrouens kan afgeknou word in die werksplek.

Enige gepaste antwoord. (√√) (2)

Enige DRIE maniere waaarop vrouens beskerm kan word teen diskriminasie en geweld binne gesinsverband en die gemeenskap (EEN punt per manier)

Die familieverband.

- Ons kan stereotype rolle binne gesinsverband verbreek. Bv. Rolle vir huiswerk/huishoudelike pligte—om na die baba om te sien, skottelgoed te was, kook ens.
- Mans moet aanvaar dat die vrou ook die broodwinner kan wees.
- Mans/vrouens en seuns/dogters behoort dieselfde behandel te word—bv.moet dieselfde geleenthede gegun word, dieselfde sakgeld te ontvang, dieselfde studie geleenthede gebiede word ens.
- Binne 'n verhouding—moet vrouens die reg he om nee te se vir enige iets wat hul bedreig of onveilig laat voel.
- Beide mans en vrouens moet deel he aan besluitneming.
- Vrouens behoort gerespekteer en beskerm te word soos 'n gelyke venoot in 'n verhouding (Vrouens behoort hul wense, behoeftes en problem uit te spreek)
- Vrouens behoort die reg gegee te word om enige vorm van misbruik te rapporteer.
- Vrouens het die reg om haar maat met wie sy 'n verhouding wil he te kies.
- Vrouens behoort nie gedwing te word om deel te he aan onwettige seksdade. (bv ponografie, mensehandel, ens.)
- Ouers moet seke rmaak dat dogters beskermend voel en trots is op hul liggame.

Leerders moet aandui dat alle familielede gelyk behandel word met respek en waardigheid. Punte moet gegee word vir reaksies wat aantoon hoe vrouens en dogters beskerm kan word teen diskriminasie en geweld binne die familie.
Antwoorde moet aantoon dat daar geen diskriminasie teen haar as gevolg van haar geslag sal wees nie

Enige DRIE gepaste antwoorde. (√√√) (3)

Enige DRIE maniere waarin vrouens beskerm kan word teen diskriminasie en geweld in weksverband. (EEN punt per manier)

Die werkplek/Werksverband.

- Regverdige arbeidspraktyke—Daar behoort gelyke verteenwoordiging in topbestuur posisies te wees, vrouens kan posisies beklee wat tradisioneel deur mans beklee was.
- Werkende vrouens behoort ondersteun te word—Kraamverlof, familie verantwoordelikheids verlof, kinder versorging ens.
- Vrouens behoort beskerm te word teen seksuenele teistering binne die werksplek—dit sluit verbale en nie-verbale teistering in.
- Vrouens se outoriteit behoort gerespekteer te word volgens hulle status en posisies.

Leerders moet aantoon dat vrouens gelyk behandel word in die werksplek met waardigheid en respek.
Punte moet gegee word vir reaksies wat aantoon dat vouens beskerm moet word teen diskriminasie en geweld binne die werkplek/werksverband.
Antwoorde moet aantoon dat daar geen diskriminasie as gevolg van geslag binne die werkplek geduld behoort te word nie.
Enige gepaste antwoord. (√√√) (3)
[10]

VRAAG 7

Enige TWEE punte vir die bespreking van vryheid van spraak.

- Informasie behoort weergegee te word en ontvang te word sonder enige sensorskap/beperking.
- Die media behoort nie ingeperk te word met rapportering van die waarheid of die weergee van kreatiewe denke.
- Dit kan 'n instument van transformasie wees.
- Die media behoort verantwoordelik gehou te word om verantwoordelik te rapporteer.
- Daar behoort objektiewe rapportering en annalises te wees, (nie verdoesel met onwaarhede en selfbelange nie.)
- Rapporterig moet die waardes en belange weerspieel wat ons Suid Afrikaanse gemeenskap vorm: openlikheid, deursigtigheid, nasie-bou.

Enige TWEE relevante feite (√√) (2)

Enige TWEE punte vir die bespreking van sosiale verantwoordelikheid van die media.

- Die media het 'n verantwoordelikheid teenoor die publiek om hul in te lig oor sake van belang.
- Moet dien as waghonde om foute en onwettige aktiwiteite aan die lig te bring.
- Bevorder nasie-bou/demokrasie.
- Bevorder toegang tot diwerse opinies.
- Voorsien 'n platform vir debatering van diverse sienings.

Enige TWEE relevante feite. (√√) (2)

Enige DRIE gesubstansieerde reaksies. (TWEE punte elk.)
Die media streef om vryheid van die pers en sosiale verantwoordelikheid te bekom:

- Tree op as die waghonde van die regering en gemeenskappe deur onwettige aktiwiteite bekend te maak.
- Rapportering van diverse opinies
- Promofeer nasie-bou en het toegang tot diverse standpunte en wereld sienings bv. rapportering oor nasionale gebeure, bv sport gebeurtenisse, toerisme indabas, nasionale kompetisies, ens. insluitend onderwys inligtings programme.
- Kommunikasie, informasie weergee en onderrig.
- Weer gee van politieke inligting wat kiesers kan beinvloed.
- Assessering van die regstelsel en verslagdoening oor die howe.
- Weer gee van informasie met gedeeltelike sensorskap/beperking om die gemeenskap te beskerm—bv. Film en publikasieraad bepaal ouderdomsbeperkings.
- Voorsiening van 'n korreksie of herroeping indien verkeerde rapportering weergegee is.
- Gehoor te gee aan prosedures en beleid in plek te sit wat verseker dat rapportering akkuraat en verantwoordelik is, bv die Uitsaai en klagtediens kommissie, (3 x 2) (6)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 75

Kopiereg voorbehou